# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 13 3 & 5 April 2026

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## GOEIE VRYDAG 3 APRIL – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeeltes:** Matteus 27:1-2, 11-26
**Teksverse:** Matteus 27:17
**Tema:** Goeie Vrydag: Die onskuldige veroordeel vir ons vryspraak!

Goeie Vrydag bring ons by die hart van die evangelie: die lyding en dood van Jesus Christus. Dit wys nie net 'n historiese gebeurtenis nie, maar 'n diep geestelike werklikheid wat elkeen persoonlik raak. In die hofsaal sien ons hoe geregtigheid verdraai word, hoe mense verkeerd kies, en hoe God se reddingsplan tog vervul word. Die skokkende waarheid is dat die Onskuldige ly ter wille van die skuldiges. Dit ontbloot ons eie sonde, maar openbaar terselfdertyd God se genade en liefde. Elke mens staan voor 'n keuse: om Christus te verwerp of Hom in geloof te omhels. Ware vryheid lê alleen in Hom wat in ons plek veroordeel is. Hierdie onskuldige veroordeling is altyd vir ons 'n teken van ons vryspraak, soos wat in Romeine 8:1 gesê word: *"Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie."* In die Woordverkondiging let ons op:

a) Die ONSKULDIGE word veroordeel
b) Die SKULDIGES kies teen Christus
c) Christus word VEROORDEEL in my plek

## PAASSONDAG 5 APRIL – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeelte:** Matteus 28:1-10
**Teksvers:** Matteus 28:5-6
**Tema:** Opstanding: Jesus se voetspoor by die dood verby!

Die oggend van Paassondag bring lig in die donkerte van Goeie Vrydag en wys dat God se plan nie by die graf eindig nie. Wat soos ’n finale einde gelyk het, word die begin van ’n nuwe werklikheid: die dood is oorwin en Jesus leef. Die vroue ontdek eerste dat God juis werk waar hoop verlore lyk, en die leë graf bevestig sy oorwinning. Wanneer Jesus self verskyn, verander vrees in vreugde en word sy volgelinge gestuur met ’n lewende hoop. Die opstanding is nie net ’n historiese feit nie, maar die fondament van ons geloof en die bron van nuwe lewe, troos en sekerheid vir elke gelowige. Ons let in die Woordverkondiging op:

a) Die BETEKENIS van die toe graf
b) Die BOODSKAP van die leë graf
c) Die VREUGDE van die opstanding
d) Die BETEKENIS van die opstanding

## VRYDAG 3 APRIL 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Korrektiewe Dienste.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 3 – Oudl. Fanie Strauss
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Miekie Jooste en Rensche vd Merwe

## SONDAG 5 APRIL 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte Sondag 12 April is na die oggenddiens vir die Kerklike tydskrifte en na die aanddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv skoolvakansie
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv skool-vakansie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 4 – Oudl. Rubin Posthumus
- Diakonale Diensbeurt: Groep 2
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens tydens skoolvakansie nie

**Geen Bybelskool nie**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 3 TOT 12 APRIL 2026

**Vrydag 3 April**
09:00 Goeie Vrydag Nagmaaldiens
**Sondag 5 April**
Paassondag
**Maandag 6 April**
Familiedag
**Woensdag 8 April**
Skole open
09:00 Korrektiewe Dienste
**Donderdag 9 April**
10:00 Bybelstudie: Koningskindersgroep
11:00 Bybelstudie: Mannagroep
15:00 Voedingsprojek; Groep A olv sr Hannetjie Harris, Groep B olv sr Annerie Saaiman
**Vrydag 10 April**
09:00 Voedingsprojek; Groep A olv sr Hannetjie Harris, Groep B olv sr Annerie Saaiman

## DIENSBEURTE SONDAG 12 MAART 2026

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 5 – Oudl. Hennie Minnaar
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Tanya van den Berg

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

***8 April***

- Sr Ina Erasmus (082 853 6045) Wyk 11

***9 April***

- Br Willie Badenhorst (083 266 6936) Wyk 25

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

***5 April***

- Sr Venitia de Weerdt (083 321 4656) Wyk 30
- Br Ben Verhoef (083 325 0728) Wyk 5

***6 April***

- Br Henrico Venter (082 90 444 73) Wyk 5

***8 April***

- Br Shaun Alberts (082 668 1772) Wyk 19
- Sr Susan van den Bergh (082 826 0091) Wyk 36
- Melany van Niekerk (072 245 9115) Wyk 3

***9 April***

- Sr Tanya van den Berg (079 848 2688) Wyk 4
- Jbr Marko Venter (072 519 2055) Wyk 4

***10 April***

- Sr Kristin Schutte (071 575 6703) Wyk 39
- Sr Marié Visser (082 818 0959) Wyk 41

***11 April***

- Br Martin Smit (084 810 4440) Wyk 19

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik:**

***3 April***

- Br Dries en sr Anine van der Walt (083 272 3801) Wyk 41 met hul 44ste herdenking

***7 April***

- Br Henrico en sr Magda van der Westhuizen (082 784 6445) Wyk 1 met hul 47ste herdenking
- Br Dieter en sr Hanri van der Merwe (082 619 1451) Wyk 13 met hul 19de herdenking

***10 April***

- Br Arno en sr Marise Jacobs (072 492 0165) Wyk 6 met hul 16de herdenking

**Lief en Leed**

- Ons sê sterkte aan sr Annatjie Lourens (082 869 5235) Wyk 41 wat in die hospitaal is met maagsere en inflammasie. Sy is besig met behandeling en mag dalk Vrydag ontslaan word. Spoedige herstel word haar toegewens.
- Ons dink aan Janet du Plooy (066 0022 991) Wyk 11. Sy sukkel met haar gesondheid. Mag sy gou beter voel en volkome herstel.

## KENNISGEWINGBORD

| **Kollektes: 29 Maart 2026** | **SnapScan: 29 Maart 2026** |
|---|---|
| R 1621.80 Oggend: Barmhartigheid | R Oggend: Barmhartigheid |
| R 935.70 Oggend: Deure/ Dep. Jeugsorg | R Oggend: Deure/ Dep. Jeugsorg |


## *Kleuterkerk en Kinderbediening*

Liewe gemeente, Gedurende die afgelope kwartaal het die situasie by kleuterkerk verander en moes ons anders oor hierdie bediening begin dink. Hierdie bediening is egter plooibaar en indien getalle verander, sal ons weer aanpassings maak.
Van nou af tot die einde van 2026 beplan ons egter die volgende vir kleuterkerk:

- Kleuters verlaat die kerkgebou saam met laerskool kinders vir kinderbediening/kleuterkerk.
- Kleuters kom ook by die saal byeen, saam met laerskool kinders.
- Die preek van die dag word op hulle vlak vir hulle aangebied, waarna hulle deelneem aan ’n kunsaktiwiteit wat betrekking het op die preek.
- Indien die getalle te veel raak vir een groep, sal ons die groep in twee verdeel, naamlik kleuters en laerskool kinders.
- Indien die getalle hanteerbaar is, sal ons vir daardie betrokke dag hulle as een groep bedien.

Ons glo dat hierdie bediening op die voorgestelde wyse steeds geseënd sal wees.
Liefdegroete, Marizel Fasen en Annerie Saaiman
Namens die kleuterkerk en kinderbediening diensgroepe

## *Gedagte vir die week*



Dit is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. (1 Johannes 1:5)

## *PREEKPROGRAM – EERSTE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>**: Die Jaar van God se genade
**<u>Kwartaaltema</u>**: Epifanie en Lydenstyd

**3 April – Goeie Vrydag (Nagmaal)**

Oggend: Dr De Wet – Van Palm tot Paas - Pilatus lewer Jesus oor om gekruisig te word. Matteus 27:15-26. (T = Matt. 27:17).

**5 April - Opstanding**

Oggend: Dr De Wet – Van Palm tot Paas - Jesus het opgestaan! Matteus 28:1-10 (T = Matt. 28:5-6).

Geen aanddiens.

**SKOLE OPEN (8 APRIL)**




https://forms.gle/6uM3LpSBSSfJt94m6

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).